LIBERTY LIFE

# Diversifiseer jou risikobeskerming



## Moenie al jou eiers in die lewensdekking-mandjie sit nie!

Die meeste mense het die een of ander vorm van lewensdekking, maar is erg onderverseker wanneer dit by gevreesde siekte en ongeskiktheid kom.

**Neelan Porthen**, hoof van risikobeskerming by Liberty Life, verduidelik die belangrikheid daarvan om te verseker dat jy omvattende dekking het vir albei.

Elke uur van elke dag kry agt Suid-Afrikaners ‘n hartaanval.

As hulle dit oorleef – wat meestal die geval is – sal hul lewens vir altyd verander. Indien hulle nie finansieel voorsiening gemaak het nie, kan hulle ‘n finansiële ramp in die gesig staar.

In enige gegewe jaar sal duisende mense ook met kanker gediagnoseer word, beroerte kry, of traumabehandeling nodig hê.

“Verlede jaar alleen is ‘n total van R 199 miljoen uitbetaal aan eise wat verband hou met gevreesde siekte,” sê Liberty Life se hoof van risikobeskerming, Neelan Porthen.  “Die ontstellendste daarvan is die feit dat die gemiddelde ouderdom van die eisers 41 was. Dit is mense wat in die fleur van hul lewens staan, van wie 46% met kanker gediagnoseer is terwyl 30% hartaanvalle gehad het.”

“Dit is goed en wel om net lewensdekking te hê, maar die meeste mense oorleef wel wanneer hulle met ‘n gevreesde siekte gediagnoseer word. Dit het ‘n groot uitwerking op ‘n gesin en dié se leefwyse. Gewoonlik is daar yslike mediese rekeninge om te betaal en dit is dikwels op ‘n tyd wanneer dit vir die sieke onmoontlik is om te werk. “

Ander duur aanpassings of veranderinge mag dalk ook gemaak moet word, soos byvoorbeeld die aanskaf van spesiale toerusting of huisveranderinge om voorsiening te maak vir veranderde omstandighede.

Is dit nie genoeg om aan ‘n mediese skema te behoort nie?

“Byna alle mediese hulpskemas handhaaf beperkte uitbetalings in sulke gevalle,” sê Porthen. “Verder beskerm hulle ook nie jou inkomste wanneer jy nie in staat is om vanweë ‘n gevreesde siekte of ‘n traumatiese gebeurtenis.te werk nie.

“Die feit is: gevreesde siektes slaan onverwags toe. Ironies genoeg sal baie mense seker maak dat hul voertuie verseker is, maar hulle waag baie deur nie hul lewenstyle te verseker nie.”

*Ontwikkel deur Liberty Life*

Liberty Life bied 'n *Lewende Lewenstyl-voordeel* wat pasgemaak kan word om aan te vul waar mediese skemas te kort skiet. Dit stel mense wat deur gevreesde siektes geraak word, in staat om die lewenstyl waaraan hulle gewoond is, voort te sit. Bespreek dit met jou finansiële adviseur of bel Liberty Life by 0860 456 789 om meer te wete te kom.